



Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)

Omsendskrywe

Jaargang 1 Nummer 1

Tweede kwartaal 2012

Goeiedag uit die kantoor van die ABR

Die meeste kerkrade en predikante het reeds kennis geneem van die besluite wat tydens Oktober 2011 se Algemene Sinode geneem is ten opsigte van die bevoegdheidsaangeleenthede van predikante.

Volledigheidshalwe gee die ABR weer die kort agtergrond en taak van die ABR:

Die NG Kerk belê lank reeds in goedopgeleide en teologies-toegeruste predikante wat diens doen in die koninkryk van God – van Pretoria tot Pofadder en nou ook Perth!

Met die skep van die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) word daar 'n stappie verder gegaan om ook hierdie korps professioneel te bestuur en te begelei. In die verlede is opleiding, toelating, voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO), mentorskap, begeleiding, ondersteuning asook tug- en dissiplinêre handeling tussen 'n hele paar instansies, taakspanne, ringe en opleidingsentra versprei.

Met die aanvaarding van die A tot Z-Beleid is die behoefte aan 'n taakspan of raad waar al hierdie sake onder een struktuur geplaas word, weereens benadruk.

Die ABR het sy missie as volg vasgepen:

Die ABR as Taakspan van die Algemene Sinode

begelei, adviseer, versorg en administreer ... predikante en kerklike strukture/verband ten opsigte van die toekenning en instandhouding van bevoegdheid ten einde die optimale welwese van die predikantekorps te verseker.

Met die aanwys van 'n Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) vir die NG Kerk het die kerk homself aangesluit by baie ander professionele beroepslui (soos medici, ingenieurs en regslui) wat oor sulke rade beskik.

Die Kerk het besef dat een van sy belangrikste bates sy predikante (studente en emeriti ingesluit) is en daar besondere aandag aan hulle gegee moet

In hierdie uitgawe:

Die taak van die ABR

1. Sake rakende die predikante
2. Sake rakende kerkordelike en arbeidsregtelike aangeleenthede tov bedieningsbevoegdheid
3. Ondersteunende funksies van die ABR

Vrae wat die afgelope tyd aan die ABR gevra is:

1. Hoekom 'n gesentraliseerde raad vir predikante?
2. Hoekom moet predikante registreer?
3. Hoekom kos dit geld?
4. Hoe is die bedrag van R500 vasgestel?
5. Hoe gaan die geld spandeer word?
6. Interessante gegewens uit die ABR se databasis

Slot

word. Hoewel die predikante nie deur die Algemene Sinode in diens geneem word nie, kan hulle in 'n sekere sin tog as werknemers beskou word.

Die Algemene Sinode ken aan persone bevoegdheid (met legitimasie) toe sodat

Vervolg van bl 1

gelegitimeerdes in staat is om in diens van gemeentes / kerkverband te staan en so hulle roeping as Verbi Dei Minister uit te leef.

Werknemers is geregtig op 'n bevredigende werksomgewing met voortgesette loopbaanontwikkeling, versorging en die beskerming teen onbillike arbeidspraktyke. Hierdie belegging in 'n organisasie se werknemerskorps, verseker dat werknemers optimaal funksioneer en gehalte uitsette lewer en werksvreugde ervaar.



Die taak van die ABR kan kortliks in die volgende drie hoofafdelings opgesom word:

1. Sake rakende die predikante

Hieronder word verstaan die volledige opleiding, begeleiding en versorging van die leraar (en ook sy gesin).

Aspekte wat hier aandag kry, is onder meer

- die teologiese opleiding;
- voortgesette bedieningsontwikkeling
- VBO-opleiding;
- mentorskap;
- begeleiding en later ook die saak van groter mobiliteit ten opsigte van standplaasverwisseling en die bestuur en verwerwing van krediete met die oog op beter funksionering as predikant;
- Predikantebegeleiding en -versorging soos in die *A tot Z beleid vir Predikante* vervat, sal hier 'n prominente plek inneem.

2. Sake rakende kerkordelike- en arbeidsregtelike aangeleenthede tov bedieningsbevoegdheid

Dit sluit die volgende verantwoordelikhede in:

- ◆ Dié toekening van bedienings-

bevoegdheid op aanbeveling van die onderskeie kuratoria

- ◆ Die hantering van aansoeke om hertoelating en aflê van colloquium doctum
- ◆ Die instandhouding van die databasis om seker te wees dat alle diensdoenende predikante oor bevoegdheid beskik
- ◆ Die bestuur van beroepbare proponente
- ◆ Die byhou van predikante wat emeriteer
- ◆ Die administratiewe handeling om bevoegdhed op te skort of weg te neem op aanbeveling van die ring se ondersoekligaam.

3. Ondersteunende funksies van die ABR

Dit sluit die volgende funksies in:

- ◆ Advies aan kerklike vergaderinge oor die hantering van kerkordelike- en arbeidsregtelike aangeleenthede in terme van die Kerkorde, arbeidswetgewing asook die diensooreenkoms tussen werkgewer en werknemer
- ◆ Saamstel van die Bestuurshandleiding met die oog op hulp aan kerklike vergaderings oor diensverhoudinge
- ◆ Samestelling van ander handleidings en hulpmiddels om kerklike vergaderings te help met bv dissiplinêre ondersoeke; diensooreekomste; prestasiebeoordeling, hantering van beroepingsprosedures; ens.
- ◆ Die ABR stel ook in die vooruitsig om sekere verdere spesialisdienste en voordele te verseker nl:
 - Die skep van 'n ondersteuningstelsel van kundige advies ten opsigte van regs-, finansiële-, sielkundige- en arbeidsregsdienste.
 - Die bedinging van moontlike groepsvoordele, met byvoorbeeld gimnasiums en versekeringsmaatskappye.
 - Die ABR sal ook leraars en gemeentes deurlopend ingelig hou oor wetgewing wat die kerk raak en interpretasies en leiding verskaf soos nodig.



1. Hoekom 'n gesentraliseerde raad vir predikante?

Daar is in die verlede reeds baie tyd en geld aan die bevoegdheid van predikante op verskillende plekke in die kerk spandeer. Die Algemene Taakspan Regte (ATR), die aktuaris en streeksinodes se aktuaris, se tyd is in die verlede hierdeur in beslag geneem. Hulle werk ook in gemeentes en dit is nie billik teenoor die betrokke predikante én hulle gemeentes dat hulle soveel tyd aan bevoegdheidsake moet afstaan nie. Die ABR sal 'n groot deel van die adviese kan hanteer.

Die bevoegdheidsregister van proponente en predikante wat nie in die voltydse bediening is nie, is deur dr Flip du Toit in stand gehou.

Predikantebegeleiding (waaronder die *A tot Z beleid* en VBO) is weer op 'n ander plek en deur 'n ander kommissie hanteer.

Die proses was dus gefragmenteerd, daar het duplisering plaasgevind en sake rondom predikante is nie eenvormig hanteer nie.

Daar is goeie en gesonde pogings aangewend om die Algemene Sinode meer vaartbelyn te maak sodat dit nie 'n lomp las vir sinodes en gemeentes sal word nie. Maar jy kan egter nie alles net wegneem nie, dan sal die sisteem ineentuimel.

'n Eenvormige raad wat na die belange van ons predikante op verskillende vlakke kan omsien, het dus 'n noodsaaklikheid geword. Bevoegdheid was nog altyd 'n saak van die Algemene Sinode – dit word nou net meer vaartbelyn gemaak.

Die ABR gaan predikante beglei, adviseer en meehelp dat behoorlike versorging plaasvind.

2. Hoekom moet predikante registreer?

Daar moet 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen die "lisensie" om te praktiseer en die diensverhouding tussen werkgewer en werknemer. Die Algemene Sinode ken die "lisensie" (in kerklike terme die "Akte van Legitimasie") toe. Dit stel 'n persoon in staat om as leraar in 'n gemeente die werk (soos omskryf in artikel 9) te doen. Daar is dus geen werkgewer/werknemer verhouding ter sprake wanneer die lisensie toegeken word nie. Die kandidaat is self verantwoordelik om die nodige akademiese en ander kwalifikasies te verwerf sodat die lisensiegewer (Algemene Sinode) die lisensie kan toeken. Om hierdie lisensie te bekom en in stand te hou, hang suiwer van die kandidaat af en van geen werkgewer nie.

Wanneer die lisensie ontvang is (en in stand gehou word) plaas dit die lisensiehouer (Predikant) in 'n posisie om te gaan praktiseer as leraar. Slegs wanneer die kandidaat oor die lisensie beskik, kan daar 'n werkgewer/werknemer verhouding tot stand kom.

Aangesien dit ook 'n voordeel vir die werkgewer (Kerkraad) inhou om 'n gelegitimeerde leraar te beroep, het die Moderamen die beroep gedoen op die werkgewer om 50% daarvan te betaal. Dit bly egter die leraar se verantwoordelikheid om hom/haarself te bekwaam om sodoende oor 'n lisensie te beskik asook die verantwoordelikheid om die lisensie op peil te hou (bv. met verdere bedieningsontwikkeling). Dat die werkgewer ook 'n rol te speel het, is sonder twyfel waar.

3. Hoekom kos dit geld?

Ten einde 'n professionele diens te kan lewer, is dit nodig om die diens van 'n bestuurder (kerkregtelik toegeruste leraar) en administratiewe hulp in te koop en 'n kantoor moet dus gevestig word. Alhoewel sekere sisteme reeds deels in plek is, moet ander nog ontwikkel word. Die vestiging van 'n kantoor en ontwikkeling van noodsaaklike sisteme om ons predikante te help, kos natuurlik geld en daarom is daar deur die Algemene Sinode op die befondsingsmodel besluit.

Vervolg van bl 3

4. Hoe is die bedrag van R500 vasgestel?

Die Moderatuur het in opdrag van die Algemene Sinode tydens sy vergadering in November 2011 (nav 'n geprojekteerde begroting) die jaarlikse registrasiegeld vir 2012 - 2013 vasgestel. Die registrasiegeld (R500 vir leraars en werkende emeriti en R50 vir teologiese studente en leraars met bevoegdheid wat nie in 'n kerklike betrekking staan nie - emeriti wat nie werk nie, registreer gratis) is nie naastenby so hoog as vir ander professionele liggame nie.

Die Moderatuur het verder bepaal dat die eerste jaar se registrasiegeld via die onderskeie sinodes ingesamel word en vooruit oorbetaal sal word aan die Algemene Sinode totdat die kantoor volledig gevestig is.

Vanaf 2013 sal die geld direk aan die kantoor van ABR betaalbaar wees omdat daar dan 'n sentrale databasis van predikante en ander persone met bevoegdheid gevestig sal wees.

5. Hoe gaan die geld spandeer word?

Hierdie registrasiegeld word onder meer gebruik vir die vestiging van die ABR-kantoor, die inkoop van 'n geskikte bestuurder vir die deurlopende werk, sekretariële dienste, die opleiding aan sinodale taakspanne, die begeleiding van leraars asook die inkoop van professionele regs kundiges se dienste. Daar is 'n behoorlike begroting opgestel en by die

Algemene Taakspan Fondse ingedien. Die fondse sal met terugvoering aan die lede van die ATF behoorlik en deursigtig bestuur word.

6. Interessante gegewens uit die ABR se databasis

Die ABR-kantoor is besig om die databasis wat werk met persone wat op een of ander tyd gelegitimeer is, op datum te bring. Die Kerklike Jaarboek is as basis gebruik en daar is met behulp van die onderskeie sinodale kantore gehelp om die inligting te bekom.

Uit al die beskibare gegewens is die kantoor besig om met die volgende verskillende kategorieë bevoegdheid te werk en persone daarvolgens in te deel:

- predikante met volle bevoegdheid wat diens doen in 'n gemeente, breë kerkverband of ander kerklike instellings;
- predikante wat ge-emeriteer het;
- predikante wat beroepbaar is met volle bevoegdheid;
- persone met proponentsbevoegdheid asook leraars in diens van ander kerke en kapelane.

Die terugvoer wat ons van die onderskeie sinodes ontvang het, word nou verwerk aan die hand van die Jaarboekgegewens.

Met die volgende omsendskrywe in die derde kwartaal, sal ons in alle waarskynlikheid 'n paar interessante statistieke gee oor die hoeveelheid predikante, proponente en emeriti in die NG Kerk.

Slot

Soos julle kan sien gaan die hele bestaan van die ABR om die welwese van die predikant. Dat daar baie werk gedoen moet word om alles in plek te sit, spreek vanself. Dat daar nog baie gesprekke oor van die prosesse gevoer moet word, is ook so. Dat veral die Ring in die toekoms al hoe 'n groter rol sal moet speel in al die sake, is baie duidelik. Dat dit nie alles oornag in plek gaan wees nie en dat daar beslis 'n infaseringstydperk is, kan 'n mens verstaan.

Daarom vra ons die ondersteuning van almal om mee te werk aan 'n sisteem wat vir die kerk en sy predikantekorps van veel waarde sal wees. Gee ook gerus u insette oor watter inligting/nuus u vanaf die kantoor dmv die kwartaalblad wil hê.

Soos reeds bekend het dr Dewyk Ungerer op 1 Maart 2012 die kantoor geopen en sal hy Maandae en Woensdae op kantoor wees. Hy kan gekontak word by tel: 012 342 0092, sel: 082 572 6463 en e-pos: abr@ngkerk.org.za

Gee gerus u terugvoer en insette aan hom.